

Die pad vorentoe vir die Geloftevolke

'n Strategiese beplanning gegrond op die Volksgeloftes en die Skrifte

[Konsep]

<u>Inhoud:</u>	Bladsy
A. <u>Geskiedkundige oorsig</u>	2
1. Volksmoord of Strafgerig?	2
2. Betaal jou geloftes	3
3. Vriendskap met die wêreld	5
B. <u>Volksgadering strategie</u>	6
1. Outentieke 1838 Geloofte	6
2. Stig die Huis	6
3. Introspeksie [Eie afvalligheid]	8
a. Volksgeloftes	9
b. Afgodsoffers	10
c. Volksondes en Volksverootmoediging	11
i. Bileamsleer	12
d. Kerklike besluite	13
4. Strafgerig	15
5. Volksmoord	15
6. Politieke aksies	15
7. Suid-Afrika in profesie	16
8. Bekering	19
9. Rebelle	20
10. Teokrasie	20
11. Geestelike ordening	21
12. Burokrasie	22
13. Volksgemeente	23
14. Implimentering van die Burokrasie	25
a. Die kamers van die te stigte huis	25
b. Werkswyse van die kamers	26

“Wie vir hom ‘n toekoms wil skep, mag die verlede nie uit die oog verloor.”

S.J.P. Kruger.

A. Geskiedkundige oorsig

Weens die verslegtende situasie waarin ons as volk ons vir die afgelope byna twee dekades bevind, het die Geloftedolk gedurende September 2009 te Vegkop Geloftedfeesterrein byeengekóm om te besin op welke wyse ons weer 'n soewereine volk kan word.¹ Hierdie vergadering is verteenwoordigend bygewoon deur vryheidsgesinde- individue en volksgenote vanuit al die sogenaamde “regse” bewegings in ons land, en as legitieme Volksvergadering verklaar²

Ingevolge besluite een, ses en nege van dié vergadering³, moet die Geloftedolk se vrywordingsproses geskoei wees op die grondslag van die volksgeloftes⁴; moet die beoogde staatsmodel Skriftuurlik gegrond wees en vereis die nakoming van die volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel.

Voortspruitend uit die Teokratiese verslag⁵, het 'n Konsep Grondwet⁶ vir die te stigte Teokrasie van Gelofteland, tot stand gekóm. Binne hierdie verband bepaal die outentieke weergawe⁷ van die Gelofte van Bloedrivier dat ons 'n Huis moet stig tot eer van ons Hemelse Vader se Groot Naam waar dit Hom behaag. Binne Skriftuurlike verband kom die stigting van 'n Huis neer op die totstandkoming van 'n Volksregering gegrond op Bybelse beginsels – 1Kon.11:38⁸.

Hierdie skrywe kom tot 'n groot mate neer op 'n kroniek van die Volksvergaderings tot op hede, en baan dit die weg na soewereiniteit vir die Geloftedolk met inagneming van ons geskiedenis en die Skrif.

1. Volksmoord of Strafgerig?

Dit dien beklemtoon te word dat hierdie nie 'n poging is om die huidige bestel omver te werp nie, maar dat ons die huidige toedrag van sake as 'n strafgerig beskou ter bekering van die volk. Die oënskynlike “volksmoord” wat die afgelope 18 jaar tot groot tragedie lei en gekenmerk word deur wreedaardige moorde, martelings, verminkings, verkragtings, gewapende rowe, en dies meer, is nie noodwendig primêr die skuld van die geweldenaars nie, aangesien “volksmoord” vir die Skrifgelowige volk 'n interne skuldoorsaak⁹ kan hê. Hierdie aspek word huidiglik buite rekening gelaat deur meeste vryheidsgesindes, en sal deeglik in berekening gebring moet word ter beëindiging van die “volksmoord”. Besorgde volksgenote wat nie bereid is om hierdie aangeleentheid aan te spreek nie, rig die Volk ten gronde.

Vir solank “vryheidsgesinde” volksorganisasies gaan volhard om die beëindiging van die “volksmoord” langs plaaslike- en internasionale politiek kanale aan te spreek, des te langer sal dit voortduur. Die etikettering van die “volksmoord” as prioriteitsmisdaad ter beëindiging daarvan, kom neer op die miskennening van eie aandadigheid en gevolglike aanspreeklikheid. Diesulkes ontken enige betrokkenheid van ons hemelse Vader by die huidige toedrag van sake. Genoemde aksies ter

¹ Bylae 1 – Kennisgewing van Vegkop Volksvergadering 2009.

² Sien Besluit 7 van Vegkop Volksvergadering - Bylae 2.

³ Bylae 2 - Besluite van die Vegkop Volksvergadering

⁴ Bylae 3 - Volksgeloftes

⁵ Bylae 4 - Verslag van die Teokrasie-komitee.

⁶ Bylae 5 - Konsep Grondwet.

⁷ Bylae 6 - Die verslag: Die Outentieke weergawe van die Bloedrivier Gelofte [1838].

⁸ **1Kon.11:38** En as jy luister na alles wat Ek jou beveel en wandel in my weë en doen wat reg is in my oë deur my insettinge en my gebooe te hou, soos my kneg Dawid gedoen het, dan sal Ek met jou wees en vir jou 'n bestendige huis stig, soos Ek vir Dawid gestig het, en Israel aan jou gee.

⁹ Num.22-25, Deut.28, Op.2:14-16 & 20-22, Op.22:18-19.

beëindiging van die strafgerig bevorder juis die voortsetting daarvan. Dit kom daarop neer dat die volk homself vermoor.

2. Betaal jou geloftes

Die benadering van hoe die huidige problematiek aangespreek word, is opgeteken in die volgende Skrifgedeelte. Beide uitgangspunte word in die aanhaling uiteengesit. Of ons roep die Almagtige aan ter beëindiging van ons strafgerig of ons haat die tug [strafgerig] en werp Sy woorde agter ons: [Al die Skrifaaanhalings is geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybel.]

Ps.50:14-17

- | | |
|---|--|
| 14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes
aan die Allerhoogste; | 16 Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel
jy nog my insettinge en neem jy my verbond
in jou mond— |
| 15 en roep My aan in die dag van benoudheid:
Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer. | 17 terwyl jy die tug haat en my woorde agter
jou werp? |

Die kruks van die saak is dat ons as volk ál ons geloftes moet betaal. By gebrek daaraan beroof ons ons hemelse Vader van die eer wat Hom toekom.

- Ons beroof Hom van die eer wat Hom toekom deur nie as Volk die Geloofte van Jan van Riebeeck en sy geselskap [1654] te betaal nie.
- As Volk beroof Hom van die eer wat Hom toekom deur nie die bepalings van die 1838 Geloofte na te kom nie.
- As Volk ons beroof Hom van die eer wat Hom toekom deur nie die Geloofte van Paardekraal na te kom nie,
- en ons beroof hom as Volk van die eer wat Hom toekom deur nie die dag van verootmoediging van Majubadag te betaal nie.

Die gevolg is dat dit wat Sarel Cilliers gevrees het, in werking getree het en dat die werke van ons hande weereens verwoes word in terme van Deut.23:21-23 en Prediker 5:3-5. Dit is dus nie noodwendig die goeie hoedanighede van die huidige bestel wat hul in beheer geplaas het nie, maar veel eerder ons as Gelooftevolk se eie nalatigheid.

In terme van Deut.28 sal die volk geseën word by gehoorsaamheid aan die gebooië, en gestraf word indien dit nagelaat word. Die volk bepaal dus die mate van seën of vloeki wat hul ontvang. Daar is nie sprake van druk wat ons op ons Vader plaas nie, of die draai van Sy arm nie, soos wat sommige doemprofete mee te koop loop nie. Vader laat Hom nie gebruik nie! Deur te probeer doen wat reg is in Sy oë is die aanvaarding van die voorskrifte wat Hy gewettig het en blote gehoorsaamheid daaraan.

Toe die Voortrekkers die binneland ingetrek het, was byna die hele binneland onbewoon weens oorloë waarin die inheemse volke mekaar uitgeroei het. Die Potgieter trek moes hulself verdedig teen die Matabeles van Mosega [Zeerust in die Noordweste], wat 'n klompie Trekkers aan die oewer van die Vaalrivier naby die huidige Parys uitgemoor het. Hul het laer getrek by Vegkop en hulself suksesvol verdedig en daarna gevestig. Die Trekkers wat Natal verkies het, het aanvanklik met gemengde

gevoelens gesteun op 'n politieke werkswyse om 'n grondgebied te bekom, met tragiese gevolge. Natal het in hul skoot geval weens die oorwinning wat behaal is met die Slag van Bloedrivier.

Toe Paul Kruger tydens die anneksasie van die ZAR [1877-1880] hul benarde situasie ontleed het ter bereddering daarvan, het hy tot die besef gekom dat die rede waarom hul hul Republieke verloor het, te wyte was aan die versuim van die Volk om die Geloofte van Bloedrivier te betaal. Hulle het hul hemelse Vader beroof van die eer wat Hom toekom. [Bylae 7 – DIE GESKIEDENISBESKOUING VAN PAUL KRUGER].

Die 5de Gebod vereis dat jy jou vader en jou moeder moet eer sodat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God [JHWH jou Elohim] aan jou gee. Hoeveel te meer sal jou voorspoed nie afhang van die eer wat Hom toekom nie?

Benewens die politieke aksies [deputasies] wat hul van stapel gestuur het, en wat almal onsuksesvol was, het die burgers onder Kruger se aandrang begin om die 1838 Geloofte binne Volksverband te herdenk, en wel tydens die Wonderfontein volksvergadering van 1879 en daarna die Paardekraal volksvergadering van 1880 [Bylae 8]. Tydens die geleentheid te Paardekraal het die Eerste Oorlog teen Brittanje op Potchefstroom uitgebreek, presies op dieselfde datum as die Slag van Bloedrivier – MERKWAARDIG !!! Belangrik om daarop te let is dat hulle hierdie Oorlog nie sonder die aflegging van nog 'n gelofte [die Paardekraal Geloofte – sien Bylae 3] aangepak het nie, en ook nie die 1838 Geloofte nagelaat het nie. Ons hemelse Vader het baie medelye met hul gehad en hul hulpgeroep gou tegemoet gegaan – by geleentheid van die tweede Staatsherdenking binne 42jaar - HalleluJaH !!!

Ps. 81:8-17

8 In die nood het jy geroep, en Ek het jou uitgered; Ek het jou geantwoord in die skuilplek van die donder; Ek het jou getoets by die waters van Mériba. Sela.

9 Hoor, my volk, en Ek wil jou dit inskerp; Israel, as jy tog na My wou luister!

10 Daar mag by jou geen vreemde god wees nie, en voor 'n uitlandse god mag jy jou nie neerbuig nie.

11 Ek is die HERE jou God wat jou laat optrek het uit Egipteland; maak jou mond wyd oop, dat Ek dit kan vul.

12 Maar my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie.

13 Toe het Ek hulle oorgegee aan die verhardheid van hul hart, dat hulle in hul eie planne kon wandel.

14 Ag, as my volk maar na My wou luister, Israel in my weë wou wandel!

15 Gou sou Ek hul vyande onderwerp en my hand teen hul teëstanders uitstrek.

16 Die haters van die HERE sou kruipende na Hom toe kom; maar hulle tyd sou vir ewig wees.

17 Ja, Hy sou hulle voed met die beste van die koring; en met heuning uit die rots sou Ek jou versadig.

Jammerlik is die statutêre herdenking van die Paardekraal Geloofte [sien Bylae 3], wat 'n jaarlikse instelling moes wees, na drie jaar verander na 'n 5 jaarlikse instelling – met tragiese gevolge vanaf 1899-1902, en daarna. Volgens **The 16th of December in the context of Nationalistic thinking in colonial and apartheid South Africa**, deur Wolfram Kistner, bl.11, par.5 [Bylae 9] staan die volgende opgeteken oor wat Genl. De La Rey tydens die 1900 herdenking van die 1838 Geloofte sou sê: *“General De la Rey, Beyers and Smuts on this occasion held impressive speeches reminding the people of the covenant. **There was much searching for the reasons why God had punished his people and for steps which should be taken to remove the obstacles to peace with God.** General De la Rey spoke about the origin of the Republic*

which had been the fruit of oppression. The people had violated the covenant. It was now to be renewed. “

Die Geloftevolk is sedert die eerste Volksvergadering daarvan oortuig dat die nie-onderhouding van ons Geloftes ons onder 'n strafgerig gebring het en dat ons maniere moet vind om dit in ere te herstel ten einde ons Hemelse Vader se grimmigheid af te wend. Dit sluit betekenisvol aan by bg. aanhaling.

3. Vriendskap met die wêreld

Vandag verkeer ons as Volk weereens in benoudheid [“volksmoord”], en ignoreer al wat organisasie wat volksvryheid nastreef die primêre betaal van die Geloftes, en doen hulle daardeur mee aan die berowing van die eer wat ons hemelse Vader toekom:

Ps. 50:14-15

14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

Die lesse uit die geskiedenis word botweg geïgnoreer en deputasies na die plaaslike- en internasionale regerings en instansies op grond van sekere Grondwetlike eise word geag as die oplossing van die probleem. Die Beskikker van die lotgevalle van volke en nasies word geïgnoreer asof Hy self verbaas staan van wat op die aarde aan't gebeur is.

Jak.4:1-10

1 Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle? Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste wat in julle lede stryd voer nie?

2 Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie.

3 Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.

4 Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? **Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God.**

5 Of meen julle dat die Skrif tevergeefs sê: Met jaloersheid begeer die Gees wat in ons woon?

6 Maar Hy gee groter genade; daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.

7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

8 **Nader tot God, en Hy sal tot julle nader.** Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!

9 Weeklaag, treur en ween. Laat julle gelag in treurigheid verander word en julle blydschap in bedruktheid.

10 **Verneder julle voor die Here, en Hy sal julle verhoog.**

Die Geloftevolk het sedert die 2009 Volksvergadering besluit om die Skriftuurlike weg te volg en distansieer ons onself van die werkswyse van dié volksorganisasies en enige dergelike aksie wat weier om die huidige toedrag van sake as 'n strafgerig te beskou en die vrywording uit die Hand van JHWH [die HERE] te soek.

B. Volksvergadering strategie

Die Vegkop Volksvergadering het 'n proses aan die gang gesit wat meebring dat die besluit wat toe, en op die daaropvolgende Volksvergaderings¹⁰ geneem is, nou in 'n werkbare vrywordingsproses aan die Geloftesvolk voorgehou word. Die eerste besluit vorm die hoeksteen van ons as volk se vrywordingsproses en lees as volg: *Die Geloftesvolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes*. Hierdie besluit is van deurslaggewende belang en het tot gevolg gehad dat indringend na die spesifieke bewoording van die Geloftes gekyk moes word.

1. Outentieke 1838 Gelofte

Tydens die uitvoering van die besluite van die Vegkop Volksvergadering, is tot die besef gekom dat die oorspronklike 1838 Gelofte se bewoording oor die jare verander is, en is die oorspronklike bewoording d.m.v. 'n ondersoek vasgestel en in 'n verslag ter tafel gelê [Bylae 6 - Die Outentieke weergawe van die Bloedrivier Gelofte (1838)].

Hiermee die outentieke Gelofte van Bloedrivier:

"Mijne Broeders en mede-landgenoten, hier staan wij thans, op eene Ogenblik voor een Heilige God, van Hemel en aarde, om een belofte aan Hem te beloven, dat, zoo de HEERE ons de overwinning geven mogt, een Huis tot Zynes Grooten Naams gedachtenis te stichten alwaar het Hem zal behagen – en dat zy ook moesten afsmeken, de hulp en bystand van God, om deze gelofte zeker te kunnen volbrengen, en dat wy den dag der overwinning, in een boek zullen aantekenen, om dezelve bekend te maken, zelfs aan onze laatste nageslachten, op dat het ter Ere van God gevierd mag worden."

Die sluit van die gelofte was 'n Bybelsgefundeerde geloofsdaad. Die stigting van 'n huis is ook Bybelsgefundeerd en kom neer op die totstandkoming van 'n volksregering onderhewig aan Bybelse gebooe, insettinge en verordeninge (1Kon.11:37-38). In die praktyk kom dit daarop neer dat ons voorsate met die HERE [JHWH] ooreengekom het om 'n Volksregering op die been te bring so na as moontlik aan dit wat in die Bybel voorgeskryf word – 'n Teokrasie. Die onbekende faktor is dat dit sal geskied waar dit Hom behaag. Die geloftemakers en hul nageslag moet in terme van die Gelofte bly smee tot dat die gelofte volbring is, en die volbrenging van die Gelofte sal manifesteer in die stigting van die Huis, die totstandkoming van 'n Teokrasie. Die Huis, binne die konteks van die Bloedrivier Gelofte, staan voorts bekend as die Huis van Bloedrivier.

2. Stig die Huis

Skriftuurlik geografies gesproke bevind ons as Geloftesvolk onself oorkant die riviere van Kus (Sef.3). Binne hierdie verband beskou ons onself as deel van die geprofeteerde *ellendige en geringe volk* wat by Sy Naam skuiling sal soek en wie se lot deur Hom verander sal word. Daar is tog geen ander volk wat profeties gesproke hiervoor in aanmerking gebring kan word nie!

¹⁰ Bylae 2 - Besluite van Volksvergaderings

Sef.3:10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring.

Sef.3:12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van die HERE skuiling soek.

Sef.3:20 In dié tyd sal Ek julle aanbring, ja, in die tyd wanneer Ek julle versamel; want Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë julle lot verander, sê die HERE.

Omdat ons nie by magte is om hierdie Volkshuishouding [Huis van Bloedrivier] fisiese tot stand te bring nie, bepaal ons ons by die geestelike voorbereiding daartoe asook fisiese aspekte daarvan in soverre daar ruimte daarvoor bestaan [Bylae 2 - Besluit 2 van Vegkop].

- Die geestelike sy behels die identifisering van volkssondes en die beëindiging daarvan asook die herstel en eervolle instandhouding van ons volksgeloftes wat oor die jare skipbreuk gelei het.
- Die beperkte praktiese implementering hiervan vereis dat ons as volk soortgelyk aan 'n volksgemeente te werk sal moet gaan deur mekaar onderling by te staan. Dit beteken dat ons binne die huidige Grondwet van Suid-Afrika, die ruimte wat daarvoor geskep is sal moet benut¹¹, byna soos wat sommige Geloofsgemeenskappe reeds doen. Die feit dat daar ruimte bestaan vir Tradisionele stamowerhede, is net nog 'n bewys dat daar ruimte bestaan vir selfstandige volksvoortbestaan.

Met die inwerkingtreding van die huidige bestel is ruimte geskep vir die totstandkoming van 'n Volkstaat [artikel 235] en het die Staat die Volkstaatraad gefinansier om sodanige ondersoek te doen. Die staatkundige voorbereiding van die Teokrasie van Gelofteland word, benewens artikels 9,15,16,17,18, en 19 van die Huidige Grondwet, gedoen onder dieselfde grondwetlike ruimte waaronder die Volkstaatraad gefunksioneer het, en is dit ons oortuiging dat die staatkundige beginsels wat geld m.b.t. die ruimte wat geskep is benut mag word sonder om by die huidige regering of die wêreld daarvoor aan te klop. Die gedagte is nie om op die kort termyn 'n geografiese model op die tafel te plaas nie, maar eerder om infrastruktuur op plaaslike vlak tot stand te bring ten einde ons oorlewing te fasiliteer binne ons geskiedkundige- en Skriftuurlike verwysingsramwerk – sien paragrawe B.13 en B.14 vir aanvanklike oorlewingsaksies.

Toe Juda verstrooid onder die koningskap van Ahasvéros gewoon het, het Hamman die onderkoning dit onder die aandag van die koning gebring dat die Judeërs hul eie wette gevolg het en dit as aanklag teen hulle ingebring. Die gevolg was dat toestemming verleen is wat hulle almal aan die banvloek uitgelewer het. Koningin Ester, 'n Judeër, het egter vir die Judeërs in die bres getree en toestemming verkry dat die Judeërs hulself kon verdedig, wat hulle toe met groot onderskeiding gedoen het, en waarvoor hul 'n herdenkingsdag ingestel het om die eer aan JHWH¹² hul Elohim [die HERE hul God] te verleen en staan

¹¹ 1996 RSA Grondwet, artikels 9,15,16,17,18,19, en 235

¹² Bybel in Praktyk – verklaring van Ex.6:1-2: “Ons kan hierdie verse soos volg vertaal: “Ek is Jahwe. Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God, die Almagtige (El Sjaddai), maar met my Naam Jahwe het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie.” Huisgenoot 19 Feb.1987; Prof. Janson skryf in “Sake van die Hart” - dat die Naam van die Skepper van hemel en aarde, wat Jahwe is, 6823 keer uit die Ou Testament uitgehaal is en met “die Here” vervang is.

as die Purimfees bekend en vind plaas op die 14de en die 15de dae van die 12 maanmaand. Die aanklag teen hulle dat hul nie hul eiesoortige wette kon uitleef nie, het nie stand gehou nie.

Toe koning Kores aan die einde van die sewentigjarige ballingskap van Juda beveel het dat Juda kon terugkeer na hul land van herkoms, het hy die profesie van Jeremia in vervulling laat gaan deur 'n vrylating uit te roep en opdrag te gee dat die muur van Jerusalem en die Tempel herbou moes word.

Gesien in die lig daarvan berei die Geloftesvolk tans voor om ook die vervulling van profesie te ervaar wanneer JHWH [die HERE] Sy uitverkore gemeente se lot oorkant die riviere van Kus gaan verander. In terme van die bewoording van die Gelofte van Bloedrivier moet ons 'n Volksregering tot stand bring. Dit beteken dat ons die nodige konsep wetgewing sal voorberei, sodat wanneer dit Hom behaag en Hy ons vry maak van vreemde oorheersing, ons dan in terme van die Bloedrivier Gelofte gereed sal wees om onself ordelik te regeer binne Teokratiese verband, waar Jahshua [Jesus] ons Koning sal wees.

Soos wat Israel van wetgewing voorsien is voordat hul die Beloofde Land in ontvangs geneem het, is ons as Geloftesvolk, wat wetgewende prosesse aanbetref, nou by ons berg Sinai, en berei ons onself voor om ons Beloofde Land in ontvangs te neem.

Num 23:9 Want van die top van die rotse af sien ek hom, en van die heuwels af aanskou ek hom. Kyk, 'n volk wat afgesonderd woon en hom nie tot die nasies reken nie.

3. Introspeksie [Eie afvalligheid]

In terme van Mat.7:3-4, waarin Jahshua [Jesus] voorskryf hoe jy eers die balk uit jou oog moet verwyder, het die Volksvergadering by Nampo Park en Orania onderskeidelik besluit [Bylae 2. besluit 7 en Besluit 6] dat ons indringend sal aandag skenk aan ons as Volk se sondes. Dit wat skeiding maak tussen ons en JHWH [die HERE].

Die feit dat ons ons onder 'n vreemde juk bevind, is, soos reeds na verwys, nie noodwendig weens die goeie hoedanighede van die huidige bestel nie, of die oënskynlike verraderlike aanloop daartoe nie, maar hoofsaaklik weens ons eie afvalligheid van JHWH (die HERE) se geboorte, insettinge en verordeninge. Gemeet aan dit wat in Deut.28, Lev.26, Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5 opgeteken staan, kom die huidige toedrag van sake waaronder ons as volk onself bevind, inderdaad neer op 'n strafgerig.

Die feit dat ons nie die seëninge van Vader JHWH (die HERE) ontvang nie (Deut.28), is 'n bewys daarvan dat ons as volk, ons religieuse instansies, asook ons volksregerings gefaal het om te wandel volgens JHWH (die HERE) se voorgeskrewe weë.

Die vervalde toestand waarin ons volk en land verkeer, en toenemend verval, moet gesoek word binne die volgende Skriftuurlike beginsels:

- Ons versuim om ons **volksgeloftes** na behore na te kom (Deut.23:21-23; Pred.5:3-5)
- Die eet van **afgodsoffers** soos aangespreek in Op.2:14 en 20,
- Ons as **Volk se sondes** het 'n skeidsmuur tussen JHWH [die HERE] en ons geword, en moet aangespreek word
- **Kerklike besluite** wat Skriftuurlik beginsels tot sonde verklaar – Deut.4:2, 12:32; Op.22:18-19.

a. Volksgeloftes

Ons as volk is vanaf die begin Geloftevolks. Die Van Riebeeck geselskap het twee jaar na hul aankoms in die Kaap 'n statutêre dankbaarheidsgelofte afgelê, maar dit nie enduit betaal nie. Die Gelofte van Bloedrivier, ook 'n statutêre instelling, is eers na 41 jaar [1879] binne volksverband ernstig opgeneem en nagekom. Die Paardekraal Gelofte is na drie jaar gewysig vanaf 'n jaarlikse statutêre herdenking na 'n vyfjaarlikse statutêre herdenking. Majubadag as statutêre dag van verootmoediging vind geen byval by die volk nie [Sien Bylae 3]. Ons as volk beroof ons enigste Bondgenoot van die eer wat Hom toekom, met tragiese gevolge:

Ps.50:14-17

14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;

15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.

16 Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond—

17 terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp?

Hieruit is dit baie duidelik dat, as jy vanuit 'n situasie van benoudheid JHWH [die HERE] aangeroep het, soos wat by Bloedrivier en Paardekraal gedoen is, en Hy jou uitgered het, dan is jy **verplig** om Hom te eer. By versuim daarvan beroof jy Hom van die eer wat Hom toekom. In terme van Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5 sal dit dan sonde in jou word en die werke van jou hande sal verwoes word. Die maak van enige vrywillige gelofte moet betaal word

Deut.23:21-23

21 As jy aan die HERE jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; **want die HERE jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word.**

22 Maar as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.

23 Wat oor jou lippe gaan, moet jy hou en doen soos jy aan die HERE jou God vrywillig beloof het—wat jy met jou mond gespreek het.

Die skuldoorsaak van ons huidige verval is hoofsaaklik te wyte aan ons eie nalatigheid. Daar is egter 'n oplossing! Ons moet ons Geloftes betaal aan die Allerhoogste. Ons moet elkeen verantwoordelikheid aanvaar vir die betaal van ons Geloftes en bv. in samewerking met reeds bestaande Geloftefeeskomitees drie maal in 'n jaar bymekaar kom en soortgelyk aan die herdenking van Bloedrivier al ons geloftes te betaal.

- Die outentieke weergawe van die 1838 Gelofte moet afgelê word tydens 16 Desember herdenkings byeenkomste – “wat oor jou lippe gaan”. Die navorsingsverslag [Bylae 6] daarvoor kan benut word as bykomende motivering daarvoor.
- Die Paardekraal gelofte moet tydens 16 Desember byeenkomste gelykwaardig vermeld word sodat ons hemelse Vader daardeur die eer wat Hom toekom kan ontvang.
 - Geloftefeeskomitees moet 'n gesin of twee afvaardig om die fees te Paardekraal by te woon, vergesel van geloofsbriewe en plegtige oorhandiging daarvan ter erkenning van die Paardekraal gelofte.
- Die dag van verootmoediging op 27 Februarie moet onderhou word, en op soortgelyke wyse as 16 Desember byeenkomste aangebied word.

- Die huidige jaarlikse byeenkomste by Majuba beantwoord nie aan die onderneming om die dag as 'n dag van Verootmoediging deur te bring nie.
- Van Riebeeckdag moet ook op eerbiedwaardige wyse deurgebring word.

Ons as Gelooftevolk se bestaan is te wyte aan ons aflegging van geloftes, en ons voortbestaan hang daarvan af tot hoe 'n mate ons ons hemelse Vader daarvoor vereer.

b. Afgodsoffers

Na aanleiding van 'n voordrag tydens die Volksvergadering te Orania is besluit [Bylae 2 besluit 5] om ondersoek in te stel na wat bedoel word met die begrip "afgodsoffer", en tot welke mate afgodsoffers deel uitmaak van ons daaglikse voedsel aankope. In terme van onderstaande Skrifaanhalings is bevind dat die eet van afgodsoffers hedendaags neerkom op die verbruik van voedselprodukte met bv. die Halaalmerk daarop. Hierdie ondersoek [Bylae 10] hou verband met die werksaamhede van: Die Nasionale Assosiasie & Koalisie van Christen Groepe en Individue vir Praktiese Gelykheid en Beskerming van Konstitusionele Regte [NAKCGI], wat 'n aansoek in die Pretoria Hooggeregshof gebring het om die wet op die aanbring van geloofstekens op voedselverpakkings te wysig sodat dit die godsdienstige demografie sal eerbiedig. Hierdie saak is nog hangende.

Die ondersoek het onder andere aan die lig gebring dat 'n tantième deur hetsy die verpakker, die verspreider of die produsent betaalbaar is aan die onderskeie godsdienstige sertifiserings instansies vir die voorreg om hul geloofsteken/s te vertoon. Dit kom neer op 'n tipe godsdienstige belasting, wat die niksvermoedende Christen indirek betaal aan onderskeidelik die Moslems, Jode en die Hindoes. Daardeur befonds die Bruid die spotters van die Bruidegom. Daarmee maak die Christendom 'n belegging teen Christus. Die onderskeie godsdienstige groepe wend sodanige fondse aan vir die bevordering van hul onderskeie gelowe, en het die omset van die internasionale Halaalbedryf die afgelope boekjaar 2.3 Triljoen Amerikaanse Dollar beloop.

Die gemeentes van Openbaring word aangekla en die geleentheid gegun om hul te bekeer van die eet van afgodsoffers, soos hieronder aangehaal:

Op.2:14-16

14 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

15 So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaiëte, wat Ek haat.

16 Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond.

Op.2:20-24

20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my

diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.

21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie.

22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie.

23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet

dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.

24 En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatíre is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie.

Die aanloop tot hierdie aanklag is gesetel in Num.22-25, waar Israel geestelik en fisies gehoereer het met die Moabiete. Die Engel van JHWH [die HERE] het 'n groot slagting aangerig en 24000 Israeliete het gesterf. Gedagtig aan dit wat in Num.22-25 opgeteken staan, en onder leiding van die Apostels, formuleer die gemeente in Jerusalem 'n evangelieboodskap waarin die "heidene" geleer moet word om nie te hoereer nie en hul te weerhou van afgodsoffers - Hand.15. Paulus, wat hierin 'n leidende rol gespeel het, borduur daarop voort soos opgeteken in 1Kor.8 en 10. Sy verduideliking skep egter verwarring vir ons wat 2000 jaar later daarna kyk, vanwaar die huidige oortuiging dat mens maar alles kan eet. So 'n standpunt veroorsaak partyskappe, wat Paulus tot leuenaar maak in terme van sy eie weergawe – Gal.1:6-9. Paulus word dus buite Skriftuurlike verband aangehaal indien hy teen sy eie standpunt; die standpunt van die gemeente en die Apostels, asook die wet soos vertolk in Num.22-25, sou ingaan. Indien enigeen nog twyfel, Jahshua [Jesus] se aanklag in hierdie saak soos opgeteken in Op.2:12-29, lewer die deurslag. Die kern verse is hierbo aangehaal – vermy die struikelblok van afgodsoffers en hoerery.

Die gevaar wat dit vir ons vandag inhou is dat ons weer 'n slagting te wagte kan wees sou ons ons nie bekeer van die eet van afgodsoffers en hoerery nie. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat die slagting reeds in lae intensiteit woed. Hoe dit ook al sy, ons is verplig om mekaar te waarsku en daardeur die struikelblok te verwyder en grootskaalse bekering onder die Volk te bewerkstellig. Dink daaraan dat elkeen se bekering blydschap in die hemel tot gevolg het, wat deur die engele aanskou word:

Luk 15:10

So, sê Ek vir julle, is daar blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.

Dit beteken dat God Hom verbly in elkeen van ons se bekering. Ontneem u Hom van Sy blydschap deur te volhard in die aankoop van afgodsoffers? Dink asb. mooi hieroor na.

c. Volksondes en Volksverootmoediging

Ingevolge besluit 7 van die Nampo Volksvergadering en besluit 6 van die Orania Volksvergadering [Sien Bylae 2] moet daar met die optekening van volksondes begin word sodat volksverootmoediging al meer met 'n sondebeseft sal kan geskied. Verootmoediging moet derhalwe volg op introspeksie, sondebeseft, belydenis en daaropvolgende bekering.

'n Dokument wat bekendstaan as "Die Tweede Groot Trek Is Hier" is opgestel met die doel om die geestelike verval van die Volk aan te spreek [Sien Bylae 11].

i. Bileamsleer

'n Prominente volksonde wat dringend aandag moet geniet en waarvan die aanklag ook in Op.2:12-29 opgeteken is, is hoerery. Dit is 'n struikelblok, net soos die eet van afgodsoffers en die oorsprong daarvan is gesetel in die Bileamsleer. Hierdie hoerery word op beide die geestelike- en die vleeslike vlak gepleeg. Op geestelike gebied kom skakeling van die Christen met ander gelowe neer op hoerery, en op vleeslike gebied kom dit neer op prostitusie, egbreek en verbastering. Dit word ten beste beskryf in Num.22-25, waar Israel hul op geestelike asook vleeslike vlak met 'n heidense Moabitiese nasie vermeng het. Jahshua [Jesus] se aanklag soos opgeteken in Op.2:12-29 moet ernstig opgeneem word en die ignorering daarvan sal soos in die geval van Israel se hoereering met die Moabiete, 'n groot slagting teweeg bring – Num.25 en Op.2:16.

Paulus spreek dit ook baie duidelik aan soos opgeteken in:

2Kor.6:14-7:1.

14 Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?

15 **En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?**

16 Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal

hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

17 Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;

18 en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige.

7:1 Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, **laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig**, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

Hedendaags is ons as Volk op haas elke terrein besig om die heiligmaking wat van ons verwag word te ignoreer. Die beleid van rasse integrasie wat die beleid van rasse skeiding vervang het skrei ten hemele. Dit is veral op die gebied van gemengde sport dat rasse integrasie die wind van agter kry. Gemengde huwelike spruit daaruit voort en word op al wat media is as navolgingswaardig en normaal uitgebasuin. Ons toekoms sit in staatskole vasgevang en gaan sodoende verlore. TV sepies stel sosiale vermenging as normaal voor en die teenpool kom nêrens ter sprake nie, en word berekend doodgesmoor. Dit is voorwaar 'n hopelose toestand, wat sonder ingryping van Bo ons einde beteken. Ons is net nie by magte om die aanslag van die Bose te bowe te kom nie.

Ons het geen keuse anders as om onder hulle uit te gaan nie, hoe gering ons aksies ook al gaan wees. Die belofte van oorwinning is voorsien en ons MOET daarvan gebruik maak – Op.2:16

Op.2:17

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. **Aan hom wat oorwin**, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n

wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.

Laat ons daarom in Paulus se woorde, ons van alle vleeslike en geestelike besoedeling reinig.

d. Kerklke besluite

Tydens die NG Kerk sinode van Oktober 1990, het dié Kerk apartheid tot sonde verdoem, waarna professor Willie Jonker tydens 'n Interkerklike beraad te Rustenburg op 3 November 1990 die volgende belydenis saamgestel het, en professor Pieter Potgieter en ander afgevaardigdes van die NG Kerk hul daarmee vereenselwig het:

"Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek om dit ook namens die NG Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope sinode tot sonde verklaar en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie."

Na aanleiding van 'n voordrag tydens die Volksvergadering te Orania 2011, neem dié vergadering die volgende besluit: *Die Volksvergadering waarsku lidmate van kerke wie se leiers bely het dat hul met apartheid sonde gepredik het, dat hul daarmee ernstig teen die Heilige Gees sondig, as sou die leiding van die Heilige Gees bose dwaling meegebring het. Lidmate moet kennis neem dat diegene wat hulle hierdie optrede laat welgeval medepligtig is aan 'n onvergeefbare sonde.*¹³ [Bylae 2 deel van Proklamasie 3.]

Met hierdie besluit van die NG Kerk en al die ander kerke wat hul toe en sedertdien daarmee vereenselwig het, kom dié kerke in opstand teen JHWH [die HERE] en maak hulle hul eie insettinge tot wet en daarmee Sy Wet tot sonde. Volgens hul eie weergawe kan sonde aléén geken word uit die Wet van God – Heidelbergse Kategismus- Sondag 2 en die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel VII verklaar dat die Bybel die wil van God volmaak bevat en het die mens allermens die reg om enigiets by te voeg of weg te laat by die Skrifte. Hul bring daarmee hul eie toelatingsvereistes in gedrang. Jahshua [Jesus] maak dit baie duidelik in Mat.5:17-20. Hy neem die Skrifte in aanmerking wat as volg daarvan getuig:

¹³ Mat 12:31 Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie.

Deut.4:1-4

1 Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem.

2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.

Deut.12:32

Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.

Op.22:18-19

18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.

19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Mat 5:19

Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen

wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

In die lig hiervan is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat ons as volk reeds van die plaë wat in die Boek Openbaring opgeteken staan, ontvang. Indien nie, lê dit vir ons voor die deur en het dié kerke 'n ontsettende groot oordeel op ons volk gebring.

Opsommend kom dit daarop neer dat ons eers die balke uit ons eie oë moet raaksien en verwyder alvorens ons ander die skuld kan gee vir ons benarde situasie.

- Ons kom nie ons Geloftes getrou na nie,
- ons eet afgodsoffers
- ons hoereer en
- ons maak die Gebooie van JHWH [die HERE] kragteloos ter wille van eie oorleweringe.

Al hierdie misdrywe is strafbaar met onderskeidelik erge teenspoed en die dood.

4. Strafgerig

Die doel van 'n strafgerig is om 'n volk te tug ter bekering van hul verkeerde weë. Ons as Volk het dus baie stof tot dank aan ons hemelse Vader dat Hy ons nog nie verlaat het nie, maar nog tugtig sodat ons tot inkeer kan kom. Des te langer ons neem om te bekeer des te meer volksgenote gaan in die proses aan geweldsmisdaad onderwerp word wat toenemend as 'n volksmoord beskryf word. Soos wat ons beker vol geword het van die grimmigheid van JHWH [die HERE] weens ons afvalligheid, en wat ons sal moet ledig ten einde Sy genade deelagtig te word, word die nasies wat op ons trap se beker vol, en is die oordeel oor hulle reeds uitgespreek en verdelging hul voorland. Laat ons daarom ons beker ledig en alles wat skeiding maak tussen ons en JHWH [die HERE] voor Sy aangesig verwyder.

5. Volksmoord

Die sogenaamde “volksmoord” waarteen baie organisasies en hul leiers op hamer en te velde trek, is nie primêr 'n volksmoord nie, maar die uitwerking van die strafgerig. Israel het swaar verliese gely as hulle afvallig geword het, maar ook groot voorspoed beleef as hulle gehoorsaam was aan die Wet.

Die aanspreek van die “volksmoord” d.m.v. politieke aksies, sal nie die strafgerig beëindig nie, maar wel die aanspreek van eie afvalligheid soos hierbo geïdentifiseer [Deut.28, Lev.26].

Die digter ID du Plessis het as volg gedig: “Soet is die stryd van die stryder, selfs al moet hy verloor, maar hy wat opsy staan en sy aandeel weier, dit is die man wat sy volk vermoor.”

Volksmoord kan dus ook 'n interne oorsaak hê, en dit sal volksmoord wees om dit te ignoreer.
--

6. Politieke aksies

Aangesien ons as volk met ons rug teen die muur staan; aangesien daar daaglikse barbaarse moorde op volksgenote uitgevoer word is daar nie tyd vir huigelary nie. Kritiek is nie daarop gemik om persone of instansies te diskrediteer nie, maar om lewens te red. Aangesien die Volksvergaderings sekere besluite geneem het, moet dit in perspektief met gelyklopende aksies gebring word. Ons raai nie volksgenote af om dergelike aksies te neem nie, maar wys eerder daarop dat as dit nie gepaard gaan met die betaal van die Geloftes en die aanspreek van Volksondes en gepaardgaande verootmoediging nie, dit sig self nie die soewereiniteit van die Volk sal bewerk nie.

Politieke modelle wat tans die rondte doen kan en sal nie die uitwerking van die strafgerig ongedaan maak nie. Dit sal nie die “volksmoord” beëindig nie. Dit sal nie die Huis van Bloedrivier stig nie. Deur die wêreld te nader om die politieke toekoms van die volk te help beredder en om die simptome van die strafgerig as prioriteitsmisdaad te etiketteer, is om die tug van JHWH [die HERE] te ignoreer en Hom as die alleen Beskikker van die lotgevalle van volke en nasies te misken – Ps.50:16-17.

Dit is Hy wat ons weens ons afvalligheid in hierdie ellende laat beland het en dit is NET Hy wat ons hiervan sal en kan verlos. Deur dit te ontken, misken hulle wat tans die Volk se soewereiniteit langs diplomatieke weë probeer beding, die Almag van JHWH [die HERE]. Dit terwyl JHWH [die HERE] reeds ons eindbestemming en lotsverandering bepaal en geopenbaar het, soos aangekondig:

Amos 3:7

Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.

7. Suid-Afrika in profesie

Ons as volk is buitengewoon bevoorreg om vandag te kan sê dat ons hedendaagse bestaan Skriftuurlik gedokumenteerd is. Dit wat vandag aan die orde van die dag is, is eeue gelede reeds in die vooruitsig gestel. Ons het 'n wonderlike toekoms wat vir ons wag hier in Suid-Afrika.

Sefánja 3:1-20 [1933/53 Vertaling]

1 Wee die opstandige en die besoedelde, die verdrukkende stad.

2 Dit luister na geen stem nie, dit neem geen tugtiging aan nie; op die HERE vertrou dit nie, tot sy God kom dit nie nader nie.

3 Sy vorste binne-in hom is brullende leus; sy regters is aandwolwe wat niks vir die môre oorlaat nie.

4 Sy profete is ligsinnig, trouelose manne, sy priesters verontreinig wat heilig is, hulle verkrag die wet.

5 Die HERE is regverdig binne-in hom, Hy doen geen onreg nie; elke môre laat Hy sy reg aan die lig kom, dit ontbreek nooit nie; maar die kwaaddoener ken geen skaamte nie.

6 Ek het nasies uitgeroei, hulle hoekvestings is vernietig; hulle strate het Ek verwoes, sodat niemand meer verbygaan nie; hulle stede is verniel, sodat daar geen mens, geen inwoner in is nie.

7 Ek het gesê: Mag jy My maar vrees, tugtiging aanneem! Dan sou sy woonplek nie uitgeroei word nie, nie plaasvind alles wat Ek teen hom bestel het nie. Nogtans het hulle met ywer al hulle handelinge bederwe.

8 Daarom, verwag My, spreek die HERE, op die dag wat Ek My gereed maak vir die buit; want dit is my strafoordeel om nasies te versamel, koninkryke te vergader om my grimmigheid oor hulle uit te stort, al die gloed van my toorn. Want die ganse aarde

sal deur die vuur van my ywer verteer word!

9 Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die HERE sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien.

10 Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerande bring.

11 Op dié dag hoef jy jou nie te skaam weens al jou dae waarmee jy teen My oortree het nie; want dan sal Ek uit jou midde wegruim die wat in jou oormoedig jubel, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie.

12 En Ek sal tussen jou in laat oorbly 'n ellendige en geringe volk wat by die Naam van die HERE skuiling soek.

13 Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie; maar hulle sal wei en neerlê, en niemand sal hulle verskrik nie.

14 Jubel, o dogter van Sion, juig, o Israel! Verheug jou en jubel van ganser harte, o dogter van Jerusalem!

15 Die HERE het jou oordele opgehef, jou vyand weggeveeg; die koning van Israel, die HERE is by jou, jy sal geen kwaad meer vrees nie.

16 In dié dag sal aan Jerusalem gesê word: Vrees nie, o Sion, laat jou hande nie slap hang nie!

17 Die HERE jou God is by jou, 'n held wat verlossing skenk. Hy verheug Hom oor jou met blydskap; Hy swyg in sy liefde; Hy juig oor jou met gejubel.

18 Die wat bedroef is, ver weg van die fees, versamel Ek; hulle hoort by jou, die smaad druk swaar op hulle.

19 Kyk, in dié tyd sal Ek met al jou verdrukters handel; en die wat kreupel is,

sal Ek red; en die wat verjaag is, versamel; en Ek sal hulle maak tot 'n lof en tot 'n roem wie se skande oor die hele aarde was.

20 In dié tyd sal Ek julle aanbring, ja, in die tyd wanneer Ek julle versamel; want Ek maak julle tot 'n roem en tot 'n lof onder al die volke van die aarde, wanneer Ek voor julle oë julle lot verander, sê die HERE.

Hierdie profetiese Woord van JHWH [die HERE] deur die diens van Sefánja is vir vandag geskryf en spreek Sy verstrooide gemeente oorkant die riviere van Kus aan. Kus is volgens antieke kaarte die landstreek ten suide van Egipte en staan ook as Ethiopië bekend. Die land oorkant die riviere van Kus dui dus op Suider Afrika, vanwaar Sy aanbidders, Sy verstrooide gemeente vir Hom offerande sal bring. Verder plaas Eseg.29:9-10 Kus ook aangrensend en ten suide van Egipte¹⁴. Jesaja 18 sluit hierby aan en maak melding van die volk wat van oorkant die riviere van Kus vir Hom geskenke sal bring.

Hierdie Woord van JHWH [die HERE] soos gesprek deur Sefánja spreek ieder en elk van ons persoonlik aan asook die hele volk;

- 1) Dit identifiseer die oorblyfsel van Sy uitverkore volk by die naam en by die plek – hier aan die suidpunt van Afrika – verse 10 en 13;
- 2) Dit beskryf die Bose regeerstelsel en die vals priesters en profete van hierdie volk wat Sy wet verag en verkrag verse 2 tot 4;
- 3) Dit beskryf die verval van ons stede, verdedigingstelsels en paaie wat onbegaanbaar word [slaggate] vers 6;
- 4) Maar die volk neem die tugtiging nie aan nie wat sou keer dat die verval voortduur – die leiers van die organisasies erken nie die strafgerig ter bekering nie en bring sodoende die oordeel oor die volk ter vernietiging van dit wat nog oor is – verse 7 tot 8; [Jes.9:15]
- 5) Die totale vernietiging van dit wat ons het is ons voorland, waarna ons eers Hom op Sy Heilige Verbondsnaam met rein lippe sal aanroep, erken en verheerlik en eensgesind sal wees – vers 9;
- 6) Dan sal ons as Sy aanbidders, hier duskant die riviere van Kus - Sy verstrooide gemeente ons lewens met offergawes aan Hom toewy. Let wel die begrip gemeente verwys na Sy aanbidders, Sy verstrooide dogter – vers 10;

¹⁴ **Eseg.29:9-10.** :9 En Egipteland sal 'n wildernis en puinhoop word, en hulle sal weet dat Ek die HERE is. Omdat hy sê: Die Nyl is myne, en ek het dit gemaak— :10 daarom, kyk, Ek het dit teen jou en teen jou strome; en Ek sal Egipteland 'n volkome puinhoop maak, 'n wildernis van Migdol af tot by Siëne, en tot by die grens van Kus.

- 7) Dan sal Hy ons reinig van ons oortredinge en die hoogmoediges en hulle wat arrogant en skandalig is uit ons midde wegruim sodat die oorblyfsel hul nederig sal gedra op die geheiligde berg wat Hy gaan skep – vers 11;
- 8) Die oorblyfsel sal ellendig en gering wees en **sal nie by die wêreld skuiling soek nie**, maar by Sy Heilige Naam, wat JHWH is – vers 12;
- 9) Hierdie oorblyfsel van Israel sal doen en spreek wat reg is en sal onbevrees hul lewens voortsit – vers 13;
- 10) Dit sal die gevolg hê dat ons uitbundig sal uitbreek in gejubel en die teenwoordigheid en blydschap van Jahshua [Jesus] sal ervaar. Hy sal ons Held en Regeerder wees en sal ons bevry van die huidige oordele en ons vyand wat oor ons heers verdryf, waarna ons geen kwaad meer sal vrees nie – verse 14 tot 17;
- 11) Ons volksgenote wat dan nog in verstrooiing in ander wêrelddele is en onder verdrukking en smaad gebuk gaan sal deur Hom verlos word van hul onderdrukking en versamel word en terug gebring word hierheen. Hy sal ons tot 'n roem en 'n lof maak wat deur die hele wêreld as 'n skandalige volk vertrap en verag is - verse 18 tot 19;
- 12) Ons lotsverandering sal vir ons heerlik wees as ons as Sy uitverkore volk in ere herstel word te midde van al die ander volke – vers 20.

Hierdie profesie wat JHWH [die HERE] al eeue gelede in die vooruitsig gestel het, is nou ter saaklik. Dit spel vir ons uit wat die situasie is waarin ons ons bevind en wat die uiteinde daarvan gaan wees. Dit is waarop ons as volk nou moet konsentreer en ons voorberei aangesien die totale vernietiging van Babilon onafwendbaar is - die god waarvan hierdie volk net nie wil wegkom nie en uit wil gaan nie – Op.18:4.

Om deel van die ellendige en geringe oorblyfsel te wees sal ons nou al moet begin om die eienskappe van die oorblyfsel, ons eie te maak, nl:

- a. Te erken dat hierdie profesie op ons van toepassing is;
- b. Te erken dat ons by Sy Naam skuiling moet soek en NIE by die wêreld nie!
- c. Te erken dat ons nie 'n trotse Boere- of Afrikaner volksregering sal vorm nie, maar eerder 'n ellendige en geringe volksordening wat by Sy Naam skuiling sal vind;
- d. Dat ons sal ophou om vir mekaar te lieg en mekaar te bedrieg en verder verdeeldheid en verwarring te skep;
- e. Dat ons sal ophou om arrogant, hoogmoedig en selfvoldaan te wees en om mekaar skeef aan te kyk en verder toewikkel in ons gemaksug en dogmatiek;
- f. Dat ons ons sal voorberei vir Sy koms en ons sal instel om juigend Hom te ontmoet – versier en gereed soos 'n bruid;
- g. Dat ons ons sal reinig van al wat verkeerd is en sal soek en doen wat reg is;
- h. Dat ons sal besef dat ons 'n unieke Volk is en dat ons lot anders gaan uitsien as dié van ander volke waardeur ons verag, gesmaad en verdruk word.

Volgens verse 15 tot 17 hierbo aangehaal, sal Jahshua (Jesus) by ons wees. Of dit in Sy Persoon of in Sy Gees sal wees weet ons nog nie, maar Sy teenwoordigheid beteken dat Sy koninkryk dan beslag kry, wanneer Hy vir 'n tweede keer Sy Hand sal uitsteek om ons te los – Jes.11,

Hos.5:11-6:3. Die verandering van ons lot sal vir ons heerlik wees en ons sal by Sy Groot Naam skuiling soek en Hom eer.

Dit is nie toevallig dat 'n geringe en ellendige volk hier deur Hom geplant is wat Skrifgelowig is, wat deur 'n reeks van geloftes aan Hom verbind is, en wat nie wil inskakel by die Nuwe Wêreld Orde nie; wat nie wou verbaster aan die Kaap en opgeneem word binne die Britse imperialisme, nie; wat op trek gegaan het om 'n volk vir die HERE [JHWH] te wees en 'n regeeringsvorm op die been wou bring ooreenkomstig Sy gebooe. Ons is die draers van Sy Lig – die verkondigers van Sy lof:-

Jes. 43:21

Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.

Ons is Sy volk hier in Suider Afrika!

8. Bekering

Benewens die karakertreke wat uitgewys is in Sefánja 3, waaraan ons weens volks-bekering uitgeken sal word, en waarvoor ons ons nou al moet beywer, moet ons ook ag slaan op ander Skrifgedeeltes wat van toepassing is op ons as volk ten einde die aanloop tot die huidige strafgerig beter te verstaan en die hoof te bied.

- 1) Dit behels die identifisering van volksondes en die aflegging daarvan;
- 2) Om te verstaan wat die gevolge is van die versuim om ons geloftes na behore na te kom en die inwerkingstelling van gepasde optrede om dit in ere te herstel;
- 3) Die besef dat ons nog steeds onder die Wet is soos Jahshua [Jesus] verklaar in Mat.5:17-20 en nie geliberaliseer is van die Ou Testament nie – Sef.3:4 “Sy profete is ligsinnig, trouelose manne, sy priesters verontreinig wat heilig is, hulle verkrag die wet.” [Hosea 4:5-6¹⁵];
- 4) Dat ons ons moet weerhou van verdere wetsverbreking wat nou al vir dekades deur leierselemente op ons afgeforseer word¹⁶, en ons sal distansieer van bevrydings teologie.

¹⁵ Hos 4:5 Daarom sal jy struikel bedags, en ook die profeet saam met jou struikel in die nag, en Ek sal jou moeder te gronde laat gaan.

Hos 4:6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

¹⁶ **Exo 23:2** Jy mag die meerderheid nie volg in verkeerde dinge nie. En jy mag in 'n regsak geen getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie.

9. Rebelle

Dit dien geen doel om teen die strafgerig te rebelleer nie. Rebelle teen JHWH [die HERE] wek net Sy toorn nog meer op. Die verlies van die Republiek van Natal en daarna die ZAR en OVS Susereiniteit was te wyte aan die versuim om die 1838 Geloofte binne volksverband te betaal. President Paul Kruger het dit besef en die volk oortuig. By die tweede herdenking daarvan binne volksverband in 42 jaar te Paardekraal, breek die Eerste Oorlog teen Brittanje uit op 16 Des.1880. Dié Oorlog is ook voorafgegaan deur 'n gelofte wat op 14 Desember 1880 afgelê is, vir 3 jaar in stand gehou is en daarna jammerlik verander is. Die gevolg was die Tweede Oorlog teen Brittanje met vernietigende gevolge vir hierdie volk. Daarna het die 1914 Rebelle gevolg met ewe hartseer gevolge. Die Unie het nie aan die strewe voldoen om 'n Skrifbegronde Volksrepubliek tot stand te bring nie, waarna die RSA gevolg het. Voordat die langtermyn doelwitte daarvan verwesentlik kon word het dit ontspoor en oorgegaan in 'n veelparty demokrasie. Dit is voorafgegaan deur optredes van weerstands bewegings soos die AWB en die BKA en later die Boeremag - bewegings wat tot stand gekom het met die oog om onafhanklikheid te bekom deur gewelddadige optrede, met ewe hartseer gevolge.

Hierdie tendens wat al vir meer as 110 jaar voortduur moet mos tot ons as volk spreek. Geweld werk nie! Die opmerkzaamheid van pres. Kruger m.b.t. die onderhouding van die geloftes en die gevolglike oorwinning oor die Britte moet ook tot die volk spreek. Die betaling van jou geloftes werk!

Dit is daarom voor die hand liggend dat ons as volk ons omstandighede noukeurig moet ontleed en aan die hand daarvan ons heil moet uitwerk deur die BETAAL VAN DIE GELOFTES, die ONDERHOUDING VAN DIE GEBOOIE en om die Staatkundige ruimte wat bestaan ten beste te benut. Rebelle teen JHWH [die HERE] se strafgerig sal nie slaag nie, en Hy plaas die kiem van verraad in elke sodanige poging.

Die enigste manier om ons volksvoortbestaan te verseker is om die redes vir die strafgerig te bepaal en dan die nodige regstellings in geloof te maak.

10. Teokrasie

Binne die huidige strafgerig en gevolglike grondwet is daar ruimte vir godsdienstvryheid waaronder ons as volk tot 'n mate ons verpligtinge teenoor ons Verlosser, ons geloftes en mekaar na kan kom. Ons het nie die getalle om die huidige bestel in ons guns te swaai ten einde ons strewe na te kom nie en moet ons derhalwe die beste van 'n slegte saak maak. Die bewoording van die 1838 Geloofte vereis van ons om 'n Skrifgefundeerde Volksordening tot stand te bring. Binne hedendaagse terme staan dit as 'n Teokrasie bekend.

Hierdie volksordening moet funksioneer dienooreenkomstig Jahshua se uitspraak:

Mat 5:17-20

17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat

dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorfloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Die Wet wat hier ter sprake is, is die Tien gebooie as basis van al die ander insettinge en verordeninge van die Wet, soos deur Hom vervul.

Die gemeenskapsordening [volksordening] wat nou ontwikkel moet word sal elke lewensterrein van ons volk moet aanspreek. Dit sal verskil van alles waaraan ons tot nou toe gewoond was [nuwe wyn in nuwe sakke – Mat.9:17] en binne die konteks van Sy Koninkryk wat moet kom, op 'n gemeentegrondslag geskoei moet wees, byna soos dié van die eerste gemeentes, maar ook soortgelyk aan die Strafkommando wat in gemeentes [en nie pelotons] opgedeel was, met dien verstande dat ons gelofteverpligtinge opgeneem moet word in ons gemeenskapsordening. Ons as Geloftesvolk het 'n geskiedkundige identiteit ontwikkel wat sterk deur ons Skrifgebondenheid beïnvloed is.

Deur hierdie Skrifgegronde identiteit [volk vir God] te laat herleef, sal die ordening van die volk binne Skriftuurlike- en Geloftesverband tot sy reg kom. Die Geloftesvolk onder 'n Teokratiese gemeenskapsordening kan dan uiteindelik tot sy reg kom en streef ons daardeur ons voorsate se strewes opnuut na, met die verskil dat ons volgens die bewoording van die 1838 Gelofte nie oorgaan tot die stigting van 'n staat nie, maar daarop wag tot tyd en wyl dit Jahshua [Jesus] behaag, en Hy die plek aandui. Die Teokrasie-model dien derhalwe as grondslag om die Wet van JHWH [die HERE] te positiver in konsepwetgewing sodat die Geloftesvolk 'n idee kan vorm van hoedanig die te stigte Huis van Bloedrivier [Teokrasie van Gelofteland] se Volksadministrasie daaruit sal sien.

11. Geestelike ordening

Op geestelike terrein sal ons moet herbesin tot watter mate ons Geestelik afgedwaal het. Die welstand van die volk is direk eweredig aan die gehoorsaamheid aan die Wet – Deut.28. As die leiers hul plig versuim, gaan die volk ten gronde. Die huidige toedrag van sake getuig van pligversuim deur die leierslemente van die afgelope paar dekades.

Ten spyte van ons “Godsdienstigheid” het ons die stert van die nasies geword. Weereens is dit nodig om reguit en op man af te wees en nie te huigel nie. Mense word vermoor en dit is tyd dat 'n Pinehas opstaan en die sonde deurboor sodat die plaag kan ophou.

Die kerklike institusies gaan almal van die veronderstelling uit dat ons nie meer onder die Wet is nie, en gebruik sekere uitsprake van Paulus daarvoor, terwyl Paulus om die beurt na die Wet

van Moses en die Talmud verwys [geboorte van mense – Fariseïsme/Judaïsme – Gal.1:13-14., Tit.1:14]. As hy dan verklaar dat hy nie onder die wet is nie, bedoel hy dat hy weens sy Damaskus ondervinding afstand gedoen het van sy Fariseërskap en hom tot die Wet bekeer het – Fil.3:5-9. Gesien in die lig van Jahshua (Jesus) se uitspraak in Mat.5:17-20 hierbo aangehaal, asook in Hos.4:6 en Sef.3:4 kom hul vertolking in gedrang. Die begrip liberaliseer beteken om bevry te word van die wet. In die praktyk kom dit daarop neer dat die kerke wat predik dat ons nie onder die Wet is nie, die volk bevry het van die Wet en daardeur geliberaliseer het. Dit kom neer op bevrydingsteologie.

Hos.4:5-6

5 Daarom sal jy struikel bedags, en ook die profeet saam met jou struikel in die nag, en Ek sal jou moeder te gronde laat gaan.

6 My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp

het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet.

In terme van die te stigte Huis van Bloedrivier sal 'n nuwe Geestelike ordening tot stand kom, waar en wanneer dit ons hemelse Vader behaag. Hierdie ordening sal as 'n Volksgemeente dienooreenkomstig die vervulde Wet funksioneer. Die Teokratiese verslag verwys daarna as die positivering van die Wet.

12. Burokrasie

Ongeveer in die jaar 1930 het 'n Afrikaner regsgeleerde en parlamentslid die filosofie van 'n Godsryk op aarde (Teokrasie?) soos volg aan die Hand van ons Meester bedink:

- **Die Liefde is die kern van die plan.**
- Om daarvoor te dien en te offer en te ly, dit is geluk.
- Die van ons wat handel dryf, die wat 'n ambag of beroep uitoefen, die wat die aarde bebou, die wat vir loon arbeid - almal is ruilhandelaars, al die tyd besig om aan ons broers en susters waarde vir waarde te verruil.
- In plaas van elk vir homself die beste besigheid te beding - probeer die volgende plan:
 - Moenie afknyp en te kort gee nie.
 - Gee meer as wat van jou verwag word.
 - Jou vreugde sal daarin geleë wees dat jy nie meer huurdiens verrig nie maar liefdesdiens.
 - Jy sal meer genot kry uit die waarde wat jy gee as uit die waarde wat jy kry.
 - Op hierdie beginsel word die weg van diens die weg van geluk en die weg van selfsug die weg van slawerny.
 - Soek allereers om jou hoogste en ywerigste diens te gee. Dan sal almal jou soek want hulle het gesien jy gee waarde.
 - Geen dwang nie maar 'n vrye burgerskap van eie toewyding van hart en siel.

- Dié Godsryk se burgerskap behoort aan die adelstand tot wie die laagste en armste toegang het. Almal in diens van God in diens van jou medeburgers. As die mensdom hierdie filosofie wou aanneem sou geen Staatsprobleme oor wees om vrugtelose oplossings voor te soek nie. Dit is die filosofie van die Timmerman van Nasaret- Die Rex Sacrificus - die Offerkoning.

Mag die volkshuis van Bloedrivier ook hierin gestalte kry.

Die burokrasie van die volk sal sterk steun op 'n diensplig stelsel soos uiteengesit in die tersaaklike ordening – [Bylae 12 – Die Burgerdienswet - konsep] en herinner aan die diensplig soos ons dit in die Skrif leer – Num.8:24-26.

Die gemeentede sal 'n “tiende” van hul tyd moet wy aan die praktiese dag tot dag funksionering van die strukture soos wat dit met verloop van tyd tot stand kom, soos bv.

- regspraak vir hulle wat daarin vaardig is,
- onderwys en opleiding aan studente en kinders,
- Skrifstudies en die uitbreiding van Skrifkennis vir en deur die hele gemeente sonder die propagering van enige dogmatiek maar met inagneming van eie vertolking,
- gesondheidsorg deur hulle wat daarin opgelei is na gelang van die behoefte,
- oprigting van gemeentelike infrastruktuur deur hulle wat daarin vaardig is en wat nog handarbeid kan verrig,
- arbeidsaamheid in gemeentelike projekte soos wat die gemeente uitbrei en ontwikkel,
- boekhouding en behartiging van sekretariële gemeentebelange, ens.

Sodoende sorg elke lid van die liggaam vir die welstand daarvan en wend hy en sy hul talente wat hul ontvang het aan tot die totstandkoming en instandhouding van die Liggaam van Christus tot tyd en wyl Sy koninkryk kom, waartydens Hy Sy Wet sal kom vestig.

13. Volksgemeente

Al klink dit nou baie idealisties, moet ons nogtans nou al ons talente in werking stel en eendragtig saam werk om ons gemeenskaplike doel op aarde te verwesenlik, nl. om ons te beywer vir die koninkryk en geregtigheid van die hemele [Mat.6:32, 9-10], wat Jahshua [Jesus] al 2000 jaar [2 dae] gelede gesê het al naby gekom het en volgens profesie voor die deur is:–

Hosea 5:13-6:3

13 Toe Efraim sy krankheid sien en Juda sy sweer, het Efraim na Assur gegaan en na koning Jareb gestuur; maar hy kan julle nie genees en julle van die sweer nie gesond maak nie.

14 Want Ek is soos 'n leeu vir Efraim, en soos 'n jong leeu vir die huis van Juda; Ek, Ek

verskeur en gaan heen, Ek dra weg sonder dat iemand red.

15 Dan gaan Ek heen, Ek keer na my woonplek terug, totdat hulle skuld beken en my aangesig soek. In hulle nood sal hulle My soek.

6:1 Kom en laat ons terugkeer tot die HERE; want Hy het verskeur en sal ons genees, Hy het geslaan en sal ons verbind.

2 Hy sal ons **ná twee dae lewend maak**, op die derde dag ons laat opstaan, sodat ons voor sy aangesig kan lewe.

3 En laat ons ken—**laat ons dit najaag om die HERE te ken**; sy opgang is so seker soos die dagbreek, en Hy sal tot ons kom soos die reën, soos die laat reëns wat die aarde besproei.

Hierdie gedeelte skets die geskiedenis baie duidelik en voorspel Jahshua [Jesus] se hemelvaart en daaropvolgende afwesigheid vir 2000 jaar, waarna Hy terug sal keer vir een dag [1000 jaar] en waartydens ons voor Sy Aangesig sal lewe. Voordat Sy wederkoms plaas sal vind sal ons weens ons afvalligheid deur Hom verskeur en geslaan word, wat beteken dat ons huidige strafgerig van Hom afkomstig is en ons derhalwe in 'n noodtoestand plaas. Daar staan ook dat ons ons skuld sal beken en tydens die tyd van nood Sy Aangesig sal soek.

Elkeen van ons weet dat ons 'n strafgerig beleef, al hoe meer volksgenote besef die noodtoestand en soek Sy Aangesig, en sal uiteindelik by Sy Naam skuiling soek waarna Hy voor ons oë ons lot sal verander en ons Sy Koninkryk sal beleef. Hosea 4:5-6, 5:13-6:3 bevestig Sef.3 in hierdie verband. Die oorblyfsel duskant die riviere van Kus se verlowingstyd¹⁷ sal staatkundig neerkom op 'n Teokrasie.

Die lede wat tot die Teokrasie toetree begin om as 'n Volksgemeente te funksioneer en word

- die siek gemeentelid die pasiënt van die dokter in die gemeente,
- die boer die voorsiener van voedsel aan die stedeling,
- die prokureur die verteenwoordiger van hom wat 'n akte wil registreer,
- die verpleegster kry werk in die gemeente hospitaal of tuisverpleging,
- die onderwyser se klas word gevul met die kinders van die gemeentelid,
- die handelaar se kliënte is die gemeentelid en die vervaardiger se produkte kom op die rak van die handelaar,
- die hospitaalplan kom tot stand deur die bydraes van die gemeentelid, ens.

Projekte wat hoë prioriteit geniet is:

- Gesondheidsorg met 'n gepaardgaande finansiële plan;
- Huis en haard beskerming;
- Boerdery en ander vervaardigings projekte vir werks- en voedselverskaffing;
- Onderwys
- Ontwikkelingskorporasie
- Regspraak
-

¹⁷ Hos.2:15-19

14. Implementering van die Burokrasie

Hierdie ordening moet met inagneming van die ruimte binne die huidige grondwet beplan en geïmplementeer word. Dit kan prakties vergestalt word binne die totstandkoming van Kamers van die te stigte Huis.

a. Die Kamers van die te stigte huis.

Die te stigte Huis van Bloedrivier moet deels deur ons as Geloftevolk en deels deur ons hemelse Vader tot stand kom. Volgens die bewoording van die Gelofte moet ons as nageslag die Huis stig waar dit Hom behaag, en moet ons bly smeek totdat die gelofte volbring is. Ons moet dus die ordening tot stand bring en in gereedheid hou tot tyd en wyl dit Hom behaag om die plek daarvoor te beskik, waarna ons onself dienoooreenkomstig moet regeer. Binne hierdie verband kan ons as ellendige en geringe *volksgemeente* ons solank orden in Kamers van die te stigte Huis.

Die GKK fasiliteer die stigting van Kamers. Die Kamer kom tot stand uit volksgenote wat hul identifiseer met die besluite van die Volksvergaderings sedert 2009. Sodoende word die lede van elke Kamer, en die Kamers onderling lede van die Geloftevolk en derhalwe lede van die Liggaam van Jahshua (Jesus), soos wat Hy dit reeds verduidelik het [Joh.17, Rom.12], en binne die raamwerk van die 1838 Gelofte van ons verwag word.

Elke dorp of distrik in hierdie land kan soos wat die belangstelling groei 'n Kamer stig en projekte van stapel stuur in oorleg met fasette van die plan tot nou toe in die vooruitsig gestel, soos bv.

- die ondersoek na, en opstel van riglyne van hoe 'n Kamer moet funksioneer;
- die stigting van 'n gemeentelike onderwysinstelling;
- die koördinering van Geloftefeeskomitees in die distrik by die betaal van al die Geloftes;
- die ondersoek na volksondes en die opstel van riglyne om daarvan te bekeer.
 - In hierdie verband kan die Kamers solank betrokke raak by die aanklag van Op.2:14 en 20 oor afgodsoffers en die gevolglike hofspraak teen godsdienstige tekens op voedsel etikette.
 - Ten eerste kan die Kamer die ondersoek wat reeds gedoen is evalueer en sodoende op hoogte kom van wat in werklikheid met bv. die Halaalteken bedoel word.
 - Die Kamer kan 'n lys van produkte opstel wat vry is van godsdienstige merke en waar dit bekom kan word.
 - Die vroue wat hoofsaaklik die kruideniers aankoop kan hierdie faset hanteer en mekaar onderling in kennis stel.
- nuwe projekte identifiseer, ondersoek en onder die aandag van ander Kamers bring.
- 'n ontwikkelingskorporasie stig whereby vermoënde gemeentelede geld beskikbaar stel om projekte te finansier met die oog op werkskepping. 'n Gemeentelid word bv. gefinansier om 'n werktuig aan te skaf waarmee hy of sy 'n

leefbare inkomste kan verdien en na die afbetaling daarvan 'n bydraer tot die korporasie word deur bv. 'n tiende van die inkomste wat hy verdien daarin te belê sodat ander weer gefinansier kan word. Gemeentelede se tiendes kan produktief by so 'n korporasie aangewend word ter versterking van die gemeente.

- riglyne ondersoek en bespreek wat van toepassing sal wees met die oog op die tyd - waar en wanneer die Huis in terme van die Geloofte volbring sal word.
- ontwikkeling van die nodige infrastruktuur om die werking van die Kamers vaartbelyn te maak –bv. rekenaar programmatuur.
- die databasis uitbrei.
-

b. Werkswyse van die Kamers

Die aktiwiteite van die Kamers moet te alle tye vir al die lede (gemeentelede) daarvan toeganklik wees. Die Kamers pos die dokumente wat hul onder die aandag van ander Kamers wil bring in die Gang [GKK]. Die Gang koördineer die werksaamhede van die Kamers en verwys sake na die Volksvergadering indien van toepassing.

Soos reeds aangedui is moet die Liefde die kern van die plan wees.

Studiegroepe kan ontstaan uit individue vanuit die onderskeie kamers met die oog op die bestudering van spesifieke aangeleenthede. Dit moet enige gemeentelid vry staan om ter enige tyd in te loer by die werksaamhede van enige sodanige studiegroep. Die internet kan baie handig ingespan word om die vloei van inligting te bespoedig en moet 'n stelsel dienooreenkomstig ontwikkel word.